



# ***TYLSIMEX 90 WG***

Reg. No. L 8191 Act / Wet 36 of 1947

A water dispersible granule, pre-emergence herbicide for the control of a variety of annual broadleaf weeds and certain grasses in apples, citrus, vines and triazine-resistant canola cultivars.	‘n Benatbare korrel, vooropkom onkruidodder vir die beheer van ‘n verskeidenheid eenjarige breëblaaronkruid en sekere grasse in appels, sitrus, wingerde en triasien bestande kanola kultivars.
---	---

<b>HRAC HERBICIDE GROUP CODE</b>	<b>C 1</b>	<b>HRAC ONKRUIDDODER GROEPKODE</b>
----------------------------------	------------	------------------------------------

## ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL

Terbutylazine (Triazine)	450 g / kg	Terbutilasien (Triasien)
Simazine (Triazine)	450 g / kg	Simasien (Triasien)

## NET MASS / NETTO MASSA

..... kg

## REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER

MAKHTESHIM-AGAN SA (PTY) LTD

Reg no 1992/001741/07

21 Viben Street

BRACKENFELL

7561

Tel (021) 982 1460

Fax (021) 982 5810

Batch number .....

Lotnommer

Date of Manufacture .....

Datum van Vervaardiging

**TYLSIMEX is the registered trademark of Makhteshim-Agan Israel.  
TYLSIMEX is die geregistreerde handelsmerk van Makhteshim-Agan, Israel.**



**CAUTION  
VERSIGTIG**



## WARNINGS

- Harmful if swallowed.
- May cause eye and skin irritation.
- Store in a cool place away from food, feed, seed and other agricultural remedies.
- Store out of reach of children, uninformed persons and animals.
- Toxic to fish.

**Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions; quality of dilution water; compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weed against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier or registration holder in the event of any uncertainty.**

## PRECAUTIONS

- Do not eat, drink or smoke during mixing or application of the product, or before washing hands and face.
- Avoid contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.
- Avoid inhalation of spray mist.
- Wear eye protection and rubber gloves when handling the product.
- Wash yourself as well as contaminated clothing with soap and water after use.
- Avoid spray drift onto other crops, grazing, rivers, dams or any other area not under treatment.
- Clean applicator thoroughly after use.
- Rinse water should not be allowed to contaminate crops, grazing rivers and dams.

## RESISTANCE WARNING

For resistance management **TYLSIMEX 90 WG** is a group C1 herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **TYLSIMEX 90 WG** and other group C1 herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. The resistant weeds may not be controlled by **TYLSIMEX 90 WG** or any other group C1 herbicide. To delay herbicide resistance:

1. Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide group. Alternate or tank mix with products from different herbicide groups.
2. For tank mixing or alternation with products in other herbicide groups, refer to applicable product labels.
3. Integrate control methods (chemical, cultural and biological) into disease control programs.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

## USE RESTRICTIONS

- Do not apply **TYLSIMEX 90 WG** in pears or stone fruit.
- Do not apply **TYLSIMEX 90 WG** in apple trees, citrus trees or vines within one year after transplant. Avoid application to young implants in established orchards and vineyards.

- Do not apply **TYLSIMEX 90 WG** in apple trees, citrus or vineyards that have a micro-nutrient deficiency or that are growing on brackish soils.
- Do not apply **TYLSIMEX 90 WG** to alkaline soils or soils that are susceptible to water logging.
- **TYLSIMEX 90 WG** has relatively long persistence in the soil. Susceptible crops such as vegetables, legumes and winter cereals should not be planted in soils less than 18 months after an application of **TYLSIMEX 90 WG**.
- The waiting period between the application and the planting of cereals in the Winter Rainfall Region can be reduced to 12 months if a dosage rate of 1.1 kg **TYLSIMEX 90 WG** is not exceeded (1.0 kg a.i total triazines) and normal rainfall has occurred during the planting season.
- If **TYLSIMEX 90 WG** is used in a tank-mix with GLYPHOGAN 360 SL (Reg. no. L5393), SULTAN 50 SC (Reg. no. L6892) or any other herbicide, the use restrictions of the other herbicide must be taken into account.
- **TYLSIMEX 90 WG** may ONLY be applied to triazine-resistant canola cultivars for the control of mainly broad leaf weeds.

**DIRECTIONS FOR USE:** Use only as indicated.

**Compatibility:**

**TYLSIMEX 90 WG** is compatible with GLYPHOGAN 360 SL (Reg. no. L5393) and SULTAN 50 SC (Reg. no. L6892). This compatibility may, however, be affected by the formulation of the other products as well as by the quality of the dilution water. As the formulation of other products can change without the knowledge of the registration holder and water quality can change from farm to farm, the registration holder cannot accept responsibility for the compatibility of **TYLSIMEX 90 WG** with products that do not appear on the label. It is therefore recommended that a physical compatibility test be done prior to application.

**Mixing instructions:**

Half fill the spray tank with clean water and start agitation. Dissolve the required amount of **TYLSIMEX 90 WG** in a small amount of water and then add the solution to the tank through a 50 mesh sieve. Top up the tank with water to the required volume, whilst ensuring continuous agitation. When **TYLSIMEX 90 WG** is used in a tank-mix with GLYPHOGAN 360 SL, the **TYLSIMEX 90 WG** should be added to the spray tank last. When using SULTAN 50 SC in a tank-mix, however, the **TYLSIMEX 90 WG** should be added first and the spray tank filled almost to capacity before the SULTAN 50 SC is added. Always ensure continuous agitation during mixing and application.

**Application:**

**TYLSIMEX 90 WG** can be applied with any medium or high volume spray applicator that is fitted with an effective agitation system. Care should be taken that the spray mixture is distributed evenly over the target area. To achieve this, the sprayer should be fitted with flat fan nozzles and calibrated to deliver at least 200 ℓ spray mixture / ha. The seedbed must be fine and even, without clods and free of any excessive rests or any existing weed growth.

**TYLSIMEX 90 WG** is mostly taken up by the roots of weed seedlings and has little or no effect on established weeds. Rain or irrigation of at least 10 mm is necessary to leach **TYLSIMEX 90 WG** into the soil. Where weeds have already emerged, they can be controlled by cultivation or by the application of a suitable post-emergence herbicide. If weeds are already present at the time of application, **TYLSIMEX 90 WG** can be used in a tank-mixture with GLYPHOGAN 360 SL or any other suitable post-emergence herbicide.

**Application rates:**

<b>CROP</b>	<b>DOSAGE</b>	<b>REMARKS</b>
<b>APPLES</b>	2.6 kg / ha	Apply in spring as a pre-emergence application.
<b>CANOLA (Triazine resistant cultivars ONLY)</b>	1.1 kg + 250 ml SULTAN 50 SC / ha	Apply pre-emergence of weeds just after sowing when rain is expected. Continuous rain or irrigation of at least 10 mm is necessary in order to leach the <b>TYLSIMEX 90 WG</b> and SULTAN 50 SC into the soil.
<b>CITRUS</b>	2.6 kg / ha	Apply in spring as a pre-emergence treatment.
<b>VINES</b>	Dry land and irrigated bush vines 2.6 kg / ha	Apply as a pre-emergence application before bud burst. For the improved and extended control of annual grasses and especially <i>Digitaria sanguinalis</i> , 500 ml / ha SULTAN 50 SC can be tank mixed with <b>TYLSIMEX 90 WG</b> .
	Irrigated and trellised vines 2.6 kg / ha	Apply as a pre-emergence application in spring. For the improved and extended control of annual grasses and especially <i>Digitaria sanguinalis</i> , 500 ml / ha SULTAN 50 SC can be tank mixed with <b>TYLSIMEX 90 WG</b> .

Where band applications are done, application rates should be reduced accordingly.

## WAARSKUWINGS

- Skadelik indien ingesluk.
- Mag oog- en velirritasie veroorsaak.
- Stoor in 'n koel plek weg van voedsel, voer, saad en ander landboumiddels.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Giftig vir visse

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens en dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim deur die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid.

## VOORSORGMAATREËLS

- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging en toediening of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Voorkom inaseming van spuitnewel.
- Dra oogbeskerming en rubberhandskoene wanneer produk hanteer word.
- Was uself met seep en water na gebruik asook besoedelde klere.
- Voorkom spuitstofwegdrywing na ander gewasse, weiveld, riviere, damme en gebiede wat nie onder behandeling is nie.
- Maak toedieningsapparaat deeglik skoon na gebruik. Gooi uitspoelwater waar dit nie gewasse, weiveld, riviere en damme sal besoedel nie.

## WEERSTANDSWAARSKUWING

**TYLSIMEX 90 WG** is 'n groepkode C1 onkruidodder. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid populasie kan individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **TYLSIMEX 90 WG** of enige ander groepkode C1 onkruidodder het. Indien hierdie onkruidodders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **TYLSIMEX 90 WG** of enige ander groepkode C1 onkruidodder beheer word nie. Om weerstand teen onkruidodders te vertraag:

1. Vermyn die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruidodders met dieselfde groepkode. Wissel af met of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende onkruidodder groepkodes.
2. Raadpleeg toepaslike individuele produketikette wanneer daar afgewissel word, of tenkmengsels gemaak word, met produkte in ander onkruidodder groepkodes.
3. Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing en biologies) in onkruidodder programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

## GEBRUIKSBEPERKINGS

- Moet nie **TYLSIMEX 90 WG** toedien in steenvrugte of pere nie.
- Moet nie **TYLSIMEX 90 WG** toedien in appelbome, wingerde en sitrus binne een jaar na uitplant nie. Moet nie jong inplantings in gevestigde wingerde en boorde behandel nie.
- Moet nie **TYLSIMEX 90 WG** toedien in appelbome, sitrus of wingerde met 'n spoorelementtekort of wat op brakgronde groei nie.
- Moet nie **TYLSIMEX 90 WG** toedien op alkaliese gronde en/of gronde wat aan versuip-toestande onderhewig is nie.
- **TYLSIMEX 90 WG** het 'n relatiewe lang nawerking in die grond en gevoelige gewasse soos groente, peulplante en kleingraan moet nie geplant word op gronde wat minder as 18 maande gelede daarmee behandel is nie. Indien 'n toedieningshoeveelheid van 1.1 kg **TYLSIMEX 90 WG** nie oorskry word nie (1.0 kg a.b totale triasiene) en ten minste 'n normale reënval voorgekom het gedurende die groeiseisoen, mag die wagperiode tussen die laaste toediening en die plant van kleingraan in die Winterreënvalgebied verminder word na 12 maande
- **TYLSIMEX 90 WG** mag ALLEENLIK op triasiene bestande Kanola kultivars toegedien word vir die hoofsaaklike beheer van breëblaaronkruid.
- Indien **TYLSIMEX 90 WG** in 'n tenkmengsel met GLYPHOGAN 360 SL (Reg. nr. L5393), SULTAN 50 SC (Reg. nr. L6892) of enige ander onkruidodder toegedien word, moet die gebruiksbepelkings van daardie middels in ag geneem word.

**GEBRUIKSAANWYSINGS:** Gebruik slegs soos aangedui.

### Verenigbaarheid:

**TYLSIMEX 90 WG** is verenigbaar met GLYPHOGAN 360 SL (Reg. nr. L5393) en SULTAN 50 SC (Reg. nr. L6892). Die verenigbaarheid van **TYLSIMEX 90 WG** met ander produkte kan egter beïnvloed word deur die formulering van die betrokke produkte asook deur die kwaliteit van die verdunningswater. Aangesien die formulering van ander produkte kan verander sonder die medewete van die registrasiehouer en die kwaliteit van verdunningswater van plaas tot plaas kan verskil, kan die registrasiehouer geen verantwoordelikheid aanvaar vir die verenigbaarheid van **TYLSIMEX 90 WG** met produkte wat nie op die etiket aangedui is nie. Gevolglik word aanbeveel dat 'n fisiese verenigbaarheidstoets met sulke produkte uitgevoer word voordat toediening begin.

### Menginstruksies:

Maak die spuittenk halfvol met skoon water en skakel die roermeganisme aan. Meng die benodigde hoeveelheid **TYLSIMEX 90 WG** apart in a klein hoeveelheid water en voeg deur 'n 50 maas sif by terwyl geroer word. Vul die tenk verder met water terwyl geroer word. Wanneer **TYLSIMEX 90 WG** in 'n tenkmengsel met GLYPHOGAN 360 SL gebruik word, moet **TYLSIMEX 90 WG** laaste bygevoeg word. Wanneer SULTAN 50 SC in 'n tenkmengsel met **TYLSIMEX 90 WG** gebruik word moet die **TYLSIMEX 90 WG** eerste bygevoeg word. Die spuittenk word dan amper tot bo volgemaak voordat die SULTAN 50 SC in die spuittenk bygevoeg word. Verseker dat die spuitmengsel aanhoudend geroer word tydens vulling en toediening.

### Toediening:

**TYLSIMEX 90 WG** kan met enige medium- of hoëvolume spuitapparaat wat met 'n doeltreffende roermeganisme toegerus is, toegedien word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied versprei word. Die beste resultate word normaalweg verkry deur gebruik te maak van platwaaierspuitpunte en 'n spuitvolume van ten minste 200 l / ha. Die saadbed moet gelyk, fyn en sonder kluite en sonder oormatige plantreste en bestaande onkruid wees.

**TYLSIMEX 90 WG** word hoofsaaklik opgeneem deur die wortels van onkruidsaailinge en het min of geen effek op gevestigde onkruid nie. Aanhoudende reën of besproeiing van ten minste 10 mm is nodig om die **TYLSIMEX 90 WG** in die grond in te loog. Waar onkruid alreeds opgekom het, moet dit eers vernietig word met 'n skoffelbewerking of deur middel van toediening van 'n geskikte na-opkomonkruiddoder. Indien onkruid alreeds teenwoordig is tydens toediening, kan **TYLSIMEX 90 WG** in 'n tenkmengsel saam met **GLYPHOGAN 360 SL** of 'n ander geskikte kontakonkruiddoder toegedien word.

**Toedieningshoeveelhede:**

<b>GEWAS</b>	<b>TOEDIENINGS-HOEVEELHEID</b>	<b>OPMERKINGS</b>
<b>APPELS</b>	2.6 kg / ha	Dien in die lente as 'n vooropkom behandeling toe.
<b>KANOLA</b> ( <b>ALLEENLIK triasien weerstandbiedende kultivars</b> )	1.1 kg + 250 ml SULTAN 50 SC / ha	Dien vooropkom van onkruid net na plant toe as reën verwag word. Aanhoudende reën of besproeiing van ten minste 10 mm is nodig om die <b>TYLSIMEX 90 WG</b> en die <b>SULTAN 50 SC</b> in die grond te loog.
<b>SITRUS</b>	2.6 kg / ha	Dien in die lente as 'n vooropkom behandeling toe.
<b>WINGERD</b>	Droë land en besproeide bosstokke 2.6 kg / ha	Dien as 'n vooropkom toediening voor bot toe. Vir verbeterde en verlengde beheer van eenjarige grasse, veral <i>Digitaria sanguinalis</i> , kan <b>SULTAN 50 SC</b> teen 500 ml / ha in tenkmengsel met <b>TYLSIMEX 90 WG</b> gebruik word.
	Besproeide opgeleide wingerd 2.6 kg / ha	Dien as 'n vooropkom toediening in die vroeë lente toe. Vir verbeterde en verlengde beheer van eenjarige grasse, veral <i>Digitaria sanguinalis</i> kan <b>SULTAN 50 SC</b> teen 500 ml / ha in 'n tenkmengsel met <b>TYLSIMEX 90 WG</b> gebruik word.

Indien strookbespuitings gedoen word, moet toedieningshoeveelhede ooreenkomstig verminder word.

**WEEDS CONTROLLED AT / ONKRUIDE WAT BEHEER WORD TEEN 2.6 KG TYLSIMEX 90 WG / HA:**

**Broadleaf weeds / Breëblaaronkruid:**

<b>Botanical name / Botaniese naam</b>	<b>Common name</b>	<b>Gewone naam</b>
<i>Acanthospermum australe</i>	Eight-seeded prostrate starbur	Agtsadige kruipsterklits
<i>Acanthospermum hispidum</i>	Upright starbur	Regopsterklits
<i>Amaranthus hybridus</i>	Cape pigweed	Kaapse misbredie
<i>Amaranthus spinosus</i>	Thorny pigweed	Doringmisbredie
<i>Amaranthus thunbergii</i>	Red pigweed	Rooimisbredie
<i>Anagallis arvensis</i>	Pimpernel	Pimpernel
<i>Arctotheca calendula</i>	Cape marigold	Soetgousblom
<i>Bidens bipinnata</i>	Spanish black jack	Spaanse knapsekêrel
<i>Bidens pilosa</i>	Black jack	Knapsekêrel
<i>Chenopodium album</i>	White goosefoot	Withondebossie
<i>Chenopodium carinatum</i>	Green goosefoot	Groen hondebossie
<i>Conyza floribunda</i>	Tall fleabane	Vaalskraalhans
<i>Conyza canadensis</i>	Horseweed fleabane	Kanadese skraalhans
<i>Datura ferox</i>	Large thorn apple	Grootstinkblaar
<i>Datura stammonium</i>	Thorn apple	Stinkblaar
<i>Emex australis</i>	Spiny Emex	Kaapse dubbeltjie
<i>Fumaria muralis</i>	Fumitory	Duiwekerwel
<i>Erodium maschatum</i>	Musk heron's bill	Turknael
<i>Galingsoga parviflora</i>	Gallant soldier	Knopkruid
<i>Oenothera stricta</i>	Evening primrose	Aandblom
<i>Portulaca oleracea</i>	Purslane	Porslein
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Wild radish	Ramenas
<i>Schkuhria pinnata</i>	Dwarf marigold	Kleinkakiebos
<i>Sonchus oleraceus</i>	Sowthistle	Sydissel
<i>Stellaria media</i>	Chickweed	Sterremuur
<i>Tagetes minuta</i>	Khaki weed	Kakiebos

**Grasses / Grasse:**

<b>Botanical name / Botaniese naam</b>	<b>Common name</b>	<b>Gewone naam</b>
<i>Avena fatua</i>	Common wild oats	Gewone wildehawer
<i>Bromus unioloides</i>	Rescue grass	Reddingsgras
<i>Chloris virgata</i>	Feathertop Chloris	Witpluimchloris
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Crab finger-grass	Kruisvingergras
<i>Eleusine indica</i>	Goosegrass	Jongosgras
<i>Eragrostis teff</i>	Teffgrass	Tef
<i>Lolium temulentum</i>	Darnel (ryegrass)	Drabok (raaigras)
<i>Setaria pallide-fusca</i>	Red bristle grass	Rooi borselgras
<i>Urochloa panicoides</i>	Herringbone grass	Beesgras

**WEEDS CONTROLLED AT / ONKRUIDE WAT NORMAALWEG BEHEER WORD TEEN  
1.1 KG TYLSIMEX 90 WG / HA:**

<b>Botanical name / Botaniese naam</b>	<b>Common name</b>	<b>Gewone naam</b>
<i>Anagallis arvensis</i>	Pimpernel	Pimpernel
<i>Emex australis</i>	Spiny Emex	Kaapse dubbeltjie
<i>Erodium moschatum</i>	Musk heron's bill	Turknael
<i>Fumaria muralis</i>	Fumitory	Duiwekerwel
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Wild radish	Ramenas
* <i>Lolium spp</i>	Annual ryegrass spp	Eenjarige raai gras

- \* Control might be erratic with **TYLSIMEX 90 WG** on its own.  
Use in a program with TRIFLUREX 480 EC as is indicated on the latter's label
- \* Beheer mag wisselvallig wees met slegs **TYLSIMEX 90 WG**.  
Gebruik in 'n program met TRIFLUREX 480 EC soos op laasgenoemde se etiket aangedui is.